# Hoofstuk van die dag: Prediker 2

*Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het*

*ingesien dat dit ’n gawe uit die hand van God is. (vers 24)*

In die eerste 11 verse van hoofstuk 2 gebruik die prediker die woorde “ek”, “my” en “myself” meer as veertig keer! Dit sê iets van sy gerigtheid – alles het om homself en sy eie plesier en vervulling gedraai.
Dis iets wat ’n mens al hoe meer in die moderne lewe ook sien. Ander se behoeftes tel nie; net ek en myne. “Moenie dat ander vir jou voorskryf hoe jy jou lewe moet leef nie,” is raad wat goed by hierdie soort leefstyl inpas.
Dié soort lewensingesteldheid het sy oomblikkie, maar is op die lange duur leeg en bring geen blywende vreugde nie. Dis alles niks, ’n gejaag na wind (vers 11).
Maar daar is ’n beter manier, vertel die prediker ons, en dit het alles met God te make. God is nie so ’n wrede baas soos wat genot is nie. Met Hom in jou lewe kry die lewe sin; ontdek jy vreugde en vervulling.
God, of genot? Jy moet kies. Jy kan nie albei najaag nie.

© Bybelkoerant 2018 – 2026